Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 8 APRIL 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 11 MAART 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Maart 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 25 MAART 2015

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 25 Maart 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 11 FEBRUARIE 2015

5.1.1 ITEM 6.1.1: AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 58, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)

'n Aansoek is ontvang namens die eienaar van die Darling Nemesia Hotel cc vir 'n vergunningsgebruik op erf 58, geleë te Hoofstraat 26, Darling vir 'n plek van vermaak ten einde dobbelmasjiene te bedryf.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die item terugverwys was om 'n regsmening te bekom. Die bekommernis dat die toestaan van die vergunningsgebruik by implikasie die ander onwettige bedrywighede, en probleme wat daarmee gepaardgaan, ook sal wettig, is nog nie bevredigend aangespreek nie.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat ten einde volledige inligting beskikbaar te hê om 'n ingeligte besluit te neem, die volgende uitstaande aspekte verder ondersoek word, en word –

DERHALWE BESLUIT

(a) Dat die item terugverwys word, ten einde –
  (i) 'n Tweede regsmening te bekom;
  (ii) Geleentheid te gee vir lede van die Uitvoerende Burgemeesters-komitee om 'n ter plaatse besoek aan die Darling Nemesia Hotel te bring;
  (iii) Vas te stel of die boulyne nie oorskry word nie, met verwysing van 'n besluit wat geneem was aangaande die belyning van geboue in Hoofstraat, Darling.

5.1.2 ITEM 6.1.2: AANVAARDING VAN SPORTBELEID (17/9/2/B)

Staan oor

6. MAANDVERSLAG T.O.V. FEBRUARIE 2014 VAN DIE ONDERSKEIE DIREKTORATE

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die volgende aspekte in die SDBIP aandag geniet:

(1) *Project: pj-14-0039, Fencing ACVV Abbotsdale* – voortdurende rapportering aangaande die bydrae van Tiptrans tot die omheining van die gebou in Abbotsdale wat deur die ACVV benut word;
(2) *Project: pj-09-0004, Roads: Resealing/upgrading of roads and sidewalks / Project: pj-14-0023, Pedestrian Pathways, Swawel Street, as well as civil works for Astro-hockeyfield* – duidelike uiteensetting van die bronne van finansiering.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder, sowel as vordering met die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir Februarie 2015.

6.2/...

6.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Korporatiewe Dienste vir Februarie 2015.

6.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

Rdh M S I Goliath spreek haar bekommernis uit teenoor die staatsdepartemente wat agterstallig raak met die betaling van dienstrekeninge. Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat een van die skole agterstallig is. Daar moet moontlik met die Departement van Onderwys in gesprek getree word om te versoek dat die diensterekening van skole direk aan die Munisipaliteit betaal word, i.p.v. eers aan die skool.

Rdh M S I Goliath, met verwysing na die vakansiedae oor Paasnaweek, versoek dat indien ‘n vakansiedag val op die dag wat meters gelees moet word, die lesing van meters eerder vervroeg moet word om te poog om die maandelikse diensterekening binne perke te hou. Verder word versoek dat indien die perseel nie toeganklik is nie, ‘n briefie gelaat word om die Munisipaliteit te kontak wanneer die persoon beskikbaar is om lesing te neem.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat 50 Aqua-loc meters as loodsprojek geïnstalleer is by persele wat voorheen ontoeganklik was, waarvan die lesing met ‘n afstandbeheerde-apparaat geneem kan word. Die projek is ‘n groot sukses deurdat die lesings wat geneem word baie akkuraat is, en sal ‘n Aqua-loc meter voortaan by alle persele geïnstalleer word wat nie toeganklik vir die meterlesers is nie.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Finansiële Dienste vir Februarie 2015;

BESLUIT VERDER

(b) Dat opdrag aan die Direkteur: Finansiële Dienste gegee word om by die volgende Portefeuljekomiteesvergadering ‘n voorlegging te doen aangaande die lees van water- en elektrisiteitsmeters, met spesifieke verwysing na die dagverslag van meterlesers, asook die afwykingsverslag.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieurs-dienste vir Februarie 2015.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Elektriese Ingenieurs-dienste vir Februarie 2015.

6.6 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.6.1 PRESTASIEMETINGSVERSLAG
6.6.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.6.3 BRANDWEERDIENSTE

Besluit/...

6.6/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Beskermingsdienste vir Februarie 2015.

BESLUIT VERDER

(b) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste versoek word:

(i) om ondersoek in te stel op watter wyse ‘n persoon gepenaliseer kan word wat nie vir ‘n leerling- of bestuurslisensie, sonder ‘n geldige verskoning, opdaag nie;
(ii) om die statistieke t.o.v. die uitreiking van boetes in ‘n tabel saam te vat om aan te dui (1) hoeveel boetes uitgereik is; (2) hoeveel boetes afgeskryf is en (3) hoeveel boetes betaal word;
(iii) om die statistieke t.o.v. die spoedkamera’s duidelik uit een te sit sodat vasgestel kan word hoeveel die diens kos en hoeveel geld geïn word;
(iv) om die statistieke t.o.v. die weegbrug op Moorreesburg so uit een te sit sodat bepaal kan word hoeveel boetes uitgereik word, hoeveel afgeskryf word en hoeveel betaal word, aangesien verneem is dat die boetes verkeerd uitgeskryf word en die Landdros om hierdie rede dit afskryf;
(v) om statistieke te versamel aangaande die ongelukke op die N7 wat deur rondloper diere veroorsaak word;
(vi) om statistieke by te hou aangaande die boetes wat t.o.v. die aanhou van diere uitgereik word, hoeveel van die boetes afgeskryf/uitgegooi word en hoeveel daarvan betaal word;

(c) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste verder versoek word om maandeliks ‘n opname te doen aangaande die bedrywighede by die Malmesbury Kleinboere om die aantal diere te monitor;

(d) Dat daar verder versoek word om met die oog op die aankomende wintermaande ‘n veldtog te loods om die padwaardigheid van voertuie na te gaan met spesifieke fokus op remme, ligte, ens.

6.7 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste vir Februarie 2015.

7. NUWE SAKE

7.1 HALFJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEE T.O.V. PRESTASIEBESTUUR VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 DESEMBER 2015 (11/1/3/1/7)

Die Finansiële Ouditkomitee dien as ’n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Daar is nie enige aanbevelings van die Finansiële Ouditkomitee voortspruitend uit die halfjaarlikse verslag vir die tydperk geëindig 31 Desember 2014, waarvoor ’n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse verslag van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee ten opsigte van Prestasiebestuur vir die tydperk geëindig 31 Desember 2014.

7.2 KLIËNTE-TEVREDENHEIDSOPNAME – NOVEMBER 2014 (2/1/4/4/1)

Die eerste kliënte-tevredenheidsopname was gedurende 2009 gedoen deur ’n telefoniese onderhoud met 348 kliënte te voer op grond van ’n vooraf goedgekeurde vraelys. Hierdie opname was deur ’n konsultantfirma gedoen.

Swartland Munisipaliteit het gedurende Oktober en November 2014 ’n opvolg opname onder inwoners gedoen om die tevredenheid met dienslewering te bepaal. Die vrae is dieselfde as die vorige opname gehou om die resultate te kan vergelyk.

Die 2014 se vraelys kon óf in elektroniese formaat op die internet ingevul word óf op papier by verskeie plekke in die munisipale gebied. ’n Totaal van 783 response is ontvang, 125% meer as die vorige opname.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat wanneer dieselfde vrae as gedurende vorige opnames gebruik word, dit moontlik is om die statistieke akkuraat te vergelyk. Hierdie inligting kan nuttig gebruik word as ‘n “health check”. Die indiening van bouplanne wat in die verlede ’n probleem was en tans met die nuwe stelsel baie doeltreffend hanteer word, word as voorbeeld gebruik.

Die uitslag van die kliënte-tevredenheidsopname gedateer November 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die resultate van die kliënte-tevredenheidsopname van November 2014.

7.3 IMPLEMENTERING VAN KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017 (6/2/2/B)

Die Kommunikasiestrategie vir 2014-2017 is gedurende Mei 2014 aanvaar met die opdrag aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om prestasie-indikatore, gebaseer op die strategie, te formuleer.

Ten einde uitvoering te gee aan die prestasie-indikatore wat ingevolge die Kommunikasiestrategie gestel is, is die konsep Kommunikasiebeleid en konsep Publieke Deelname-beleid opgestel.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte konsep Kommunikasiebeleid en konsep Publieke Deelname-beleid in beginsel aanvaar word;

(b) Dat ’n spesiale sessie gereël word om die beleide te probeer finaliseer met die insette van die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, die Speaker, ander wyksraadslede, die Strategiese Bestuurder asook die toepaslike direkteure.

7.4 ONDERSOEKE NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)

’n Komitee is ingestel om alle ondersoeke na vrugtelose en verkwiste uitgawes in terme van artikel 32 van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 te onderneem.

Die verslag bevat inligting oor drie gevalle wat die afgelope tyd ondersoek was, sowel as die uitslag van die ondersoeke.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(dat daar op 28 Mei 2015 by die Raad aanbeveel word)

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsels A en B tot hierdie verslag m.b.t. die vrugtelose en verkwiste uitgawes rakende die betaling van:

(i) die administratiewe boete vir nie-voldoening aan Artikel 24G van die Nasionale Omgewingsbestuursregulasies weens die konstruksie van die Yzerfontein rolstoel toegangs

(ii) rente verskuldig aan die SAID vir laat BTW-betalings gemaak; en

(iii) rente verskuldig aan Telkom vir die laat betaling van hul Desember 2014 rekening.

(Volledige ondersoekverslae is beskikbaar by die kantoor van die Bestuurder, Interne Oudit)

(b) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aanhangsels A en B tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word.

7.5 UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE NYWERHEIDSGROND (ERF 1401) TE DARLING (DARLING BREW) (12/2/5/5-3/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 11 Maart 2015 die verkoopprys vir bogemelde transaksie goedgekeur en volmag aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste verleen om die transaksie te mag finaliseer, sou daar teen 20 Maart 2015 geen publieke kommentaar en/of beswaar in verband met die voorgenome vervreemding ontvang word nie.

Geen kommentaar is teen die sperdatum ontvang nie.

Op 20 Maart 2015 het die eienaar van Vaslomark (Edms) Bpk die aangehegte kennisgewing van naamsverandering aan die munisipaliteit voorsien, waarkragtens die maatskappy se naamsverandering vanaf Vaslomark tot Renosterveld Brewery (Pty) Ltd goedgekeur is.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die naamsverandering van Vaslomark (Edms) Bpk tot Renosterveld Brewery (Edms) Bpk, en dat die verkoopooreenkoms rakende die gedeelte van erf 1401, Darling waarop *Darling Brew* bedryf sal word, dienooreenkomstig gewysig en onderteken sal word.

7.6 HUUROOREENKOMS: MTN (17/9/2R)

Die verlenging van die huurooreenkoms met MTN vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ±120m²) van erf 327 op die Klipkoppie te Malmesbury vir doeleindes van 'n telekommunikasienetwerk is op 12 November 2014 goedgekeur.

'n Skrywe is ontvang vanaf MTN waarin versoek word dat die eskalasie soos per die oorspronklike huurkontrak (10% per jaar) heroorweeg moet word, aangesien dit nie in die huidige ekonomiese klimaat volhoubaar is om 'n eskalasie van beduidend bo die verbruikersprysindeks te betaal nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van MTN se versoek dat die jaarlikse eskalasie op hul goegekeurde huurooreenkoms heroorweeg word, en dat daar goedkeuring verleen word dat die jaarlikse eskalasie gebaseer word op die voorafgaande jaar se gemiddelde verbruikersprysindeks.

7.7 BYDRAE AAN BERGRIVIER KANOMARATHON (9/1/3/2)

Die Jaarlikse Kanomarathon op die Bergrivier vind plaas vanaf 14 tot 18 Julie 2015.

Nadat die organiseerders die Munisipaliteit genader het vir ‘n bydrae is daar deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder aangebied om ‘n bydrae van R50 000 te bewillig om ‘n oorsese roeier te borg.
Benewens hierdie bydrae sal die Munisipaliteit – soos verlede jaar – verantwoordelikheid neem vir die aanbring van baniere, rigtingaanwysers en die reël van brugsametrekke uit eie fondse.

Rdl M Rangasamy versoek dat wanneer fondse beskikbaar is, daar veral gekyk word na die Darling Voorkamer Fest, aangesien dit baie toeriste na Darling lok, en jaarliks ‘n groot sukses is.

BESLUIT

(a) Dat, uit hoofde van die Munisipaliteit se toerismemandaat in terme van die Grondwet, goedkeuring verleen word dat ‘n bydrae ten bedrae van R50 000,00 regstreeks aan die Bergrivier Kanomarathon gemaak word, uitsluitlik om die uitgawes van ‘n oorsese deelnemer te borg;

(b) Dat ‘n bedrag van R65 000,00 vanuit die LED-posnommer (posnommer 05-08-52-00-2220) na die Toerismeposnommer (posnommer 89-86-52-00-0911) oorgeplaas word om bovermelde bydrae te maak, asook om uitgawes te delg m.b.t. die aanbring van munisipale baniere, rigtingaanwysers en die bywoning van brugsametrekke deur plaaslike leerders;

(c) Dat ‘n Memorandum van Ooreenkoms met die organiseerders van die Bergrivier Kanomarathon gesluit word ter voldoening aan die vereistes in artikel 67 van die MFMA.

7.8 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: HERNUWING VAN DIENSLEWERINGSOOREENKOMS (9/1/3/2/1)

’n Munisipaliteit het ingevolge die Grondwet (Deel B, Bylae 4) uitvoerende gesag ten opsigte van die toerismefunksie en het die reg op die administrasie daarvan.

’n Diensleweringsooreenkoms is aangegaan met die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging (STO) om hierdie funksie namens die Munisipaliteit te verrig. Die bestaande ooreenkoms verval op 30 Junie 2015 en gevolglik word ’n nuwe ooreenkoms, wat met alle lede van die STO gekonsulteer was, voorgelê vir oorweging.

BESLUIT
(dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 28 Mei 2015 by die Raad aanbeveel)

(a) Dat die Diensleweringsooreenkoms met die Kaapse Weskus/Swartland Toerisme-vereniging, soos aangeheg by die verslag, goedgekeur word met ingang van 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2018;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Diensleweringsooreenkoms namens die Raad te onderteken na die 30 dae begroting aan end van Mei 2015, om die Raad se wetlike mandaat insake toerisme te volvoer;

(c) Dat – in opdrag van die Uitvoerende Burgemeester – die Direkteur: Korporatiewe Dienste:
   (i) Kwartaalliks verslag doen aangaande die prestasie-indikatore van Toerisme ingevolge die Diensleweringsooreenkoms;
   (ii) ‘n Verslag voorberei aangaande die totale uitgawe vir die Raad ten opsigte van die Toerisme-funksie (ingesluit bystand aan feeste, ens).

7.9 AFSKRYWING VAN SKULD – CCMA (5/7/1/1/MY)

Die CCMA maak al etlike jare gebruik van die biblioteek se fasiliteite vir die beslegting van arbeidsgeskille.

Die diverse rekening het agterstallig geraak en was menige pogings aangewend ten einde betaling vanaf die CCMA te ontvang. Lg. het bevestig dat daar gereelde maandelikse betalings was.

Daar kon slegs rekonsiliasies vir die tydperk 2010 tot 2014 gedoen word en kon geen rekords vir transaksies voor 2010 opgespoor word nie.

Sedert die CCMA se besoek aan die Direkteur: Finansile Dienste is die prosedure vir die gebruik van die fasiliteite gewysig, deurdat vooraf betaling vereis word voordat toegang tot die fasiliteite toegestaan sal word.

BESLUIT

Dat die afskrywing van slegte skuld ten bedrae van R12,492-30 deur die Raad gekondoneer word, gesien in die lig dat geen bewyse gelewer kan word dat die CCMA vir die tydperk voorafgaande tot 2010 nie betalings gedoen het nie, asook omrede die CCMA se finansiële boekjaar afgesluit word op 31 Maart 2015 en hulle graag die aangeleenteid wil afhandel sodat daar nie enige uitstaande skulde oorgedra word na die nuwe finansiële boekjaar nie.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE – MAART 2015 (5/7/1/1/MY)

Die finansiële inligting was nog nie beskikbaar met die sluiting van die sakelys nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die uitstaande debiteure vir Maart 2015 gedurende die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir Mei 2015 deurgegee sal word. Die uitstaande debiteure vir Februarie 2015 was reeds per Item 7.16 deel van die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Maart 2015.

7.11 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat, indien daar items by fasiliteite van die Raad gesteel word, bv. sportfasiliteite, dit ook aan die wykskomitees gerapporteer word ten einde verteenwoordigers van die onderskeie sektore daarop te wys en om die gemeenskap aan te moedig om verantwoordelikheid te neem vir fasiliteite wat vir hulle gerief geskep word.

7.12 WERKWINKEL: MUNISIPALE INFRASTRUKTUUR EN VERWANTE DIENSTE (4/6/2)

Die verslag bevat terugvoering aangaande die SALGA-werkwinkel wat op 19 Februarie 2015 deur rdl R F van der Westhuizen, as voorsitter van die Portefeuljekomitee van Tegniese Dienste, en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bygewoon was.

Die werkwinkel bestaan uit drie werksgroepe, naamlik:
(1) Werksgroep vir Klimaatsverandering, Omgewingsake en Volhoubaarheid
(2) Werksgroep vir Munisipale Handelsdienste
(3) Werksgroep vir die Beplanning van Munisipale Infrastruktuur.

7.12/...

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die bywoning van die werkwinkel vir Munisipale Infrastruktuur en verwante dienste deur rdl Van der Westhuizen en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;

(b) Dat enige verdere inligting rakende hierdie werkwinkel op die Munisipaliteit se webtuiste onder die afdeling “Documents” beskikbaar is.

7.13 SERWITUUT: ERF 20, RIEBEEK KASTEEL (16/3/3/4)

Die konstruksie van die nuwe Riebeek Kasteel Rioolwerke sal gedurende 2015 voltooi word om riool vanaf Riebeek-Wes, Ongegund en Riebeek Kasteel te ontvang.

Die rioolpyplyn volg die roete van die spoorlyn vanaf Ongegund tot in Riebeek Kasteel en word dit met die toestemming van Spoornet in die spoorlynreserwe aangebring. Ten einde die gravitasie te handhaaf moet die rioolpyplyn oor erf 20, Riebeek Kasteel vir ’n afstand van 397,5 meter aangelê word. Vir die betrokke gedeelte is die spoorlynreserwe roete nie geskik nie, aangesien die topografie meebring dat ’n pompstasie aangebring sal moet word.

Die eienaar, VN Boerdery, van erf 20, Riebeek Kasteel het ingestem dat die rioolpyplyn oor die eiendom aangebring kan word, onderhewig daaraan dat ’n waardasiebepaling gemaak word m.b.t. die verlies wat die registrasie van die serwituut in waarde sal meebring.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat ’n rioolpyplyn oor erf 20, Riebeek Kasteel aangebring moet word en dat die pyplyn in ’n serwituut beskerm moet word;

(b) Dat die bepaling van die Munisipaliteit se Waardeerder vir die betaling van R188 000,00 aan die eienaar van die beswaarde eiendom aanvaar word;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die bedrag van R188 000,00 aan VN Boerdery uitbetaal word as vergoeding vir die verlies in waarde van erf 20, Riebeek Kasteel as gevolg van die registrasie van die serwituut;

(d) Dat die uitgawe na posnommer 64-20-124-0244-0 (Opgradering van Riebeek Kasteel Rioolwerke) toegewys word.

7.14 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES RAKENDE DIE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 11 VAN DIE PLAAS GROENERIVIER NO. 821, AFDELING MALMESBURY (15/3/10-15)

Die vergunningsaansoek het voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 21 Januarie 2015 gedien en is goedkeuring verleen vir die vestiging van ’n tuisberoep, sowel as twee addisionele wooneenhede onder die landbou sone 3 sonering, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Voorwaarde A6(a) vereis dat die eienaar die bestaande toegang na Plaas 821/11 moet opgradeer na ’n permanente oppervlakte volgens die spesifikasies van die Distrikspadingenieur. Lg. het op versoek van die eienaar hierdie voorwaarde gewysig.

BESLUIT

A Dat die aansoek om wysiging van die goedkeuringsvoorwaardes van die Raadsbesluit gedateer 21 Januarie 2015 rakende die vergunningsgebruik op gedeelte 11 van plaas 821, Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word ten einde soos volg te lees:

7.14(A)/...

A6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) "Dat 'n permanente oppervlakte nie vir die toegang na plaas 821/11 benodig word nie. 'n Aanvaarde betonstrook moet op die rand van die pad tussen die teer en gruisoppervlak van die toegang voorsien word. Die toegang moet volgens die spesifikasies en voorwaardes van die Distrikpadingenieur, Ceres voorsien en onderhou word. Die Distrikpadingenieur moet tevrede wees dat die voorwaardes uitgevoer is alvorens die verlangde vergunningsgebruik gebruik mag word";

A7 ALGEMEEN

(a) Dat alle ander voorwaardes onveranderd bly;

B Dat die volgende redes vir die besluit aangevoer word:

(a) Die wysiging sal geen impak op enige omliggende eiendome hê nie en word slegs die betrokke eiendom/eienaar daardeur geraak;

(b) Toegang word deur 'n afdelingspad verkry en is die Departement van Vervoer en Openbare Werke gevolglik die relevante padowerheid.

7.15 WYSIGING VAN JAKKALSFONTEIN SE ONTWERPHANDLEIDING (15/3/3-5/01)

Die Jakkalsfontein Natuurreservaat het op 'n Algemene Jaarvergadering gehou op 3 Oktober 2014 besluite aanvaar ten opsigte van die wysiging van die Ontwerphandleiding.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings in die artikels van die Jakkalsfontein Natuurreservaat se Ontwerphandleiding 2013, soos voorgelê, ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 as volg goedgekeur word:

[Slegs in Engels uitgereik as deel van teks van Ontwerphandleiding.]

(a) 5.10.2 Black cowls to the design as shown below may be incorporated. These must be made of fibreglass or stainless steel or similar non-corrosive material. Turbo cowls (refer below) may also be incorporated. They must be made from stainless steel, 3CR12 (mild/stainless steel mix) and must be painted black.



7.15/...

(b) 5.11.3 Rectangular awnings (including aluminium swing arm awnings that may be motorised), coloured beige, green, white, or with green and white/beige stripes may be fitted. Awnings may be constructed of canvas or shade cloth. Final design and colour to be approved by the ARC..."

(c) 5.12.1 Shutters must conform to established design detail (refer blow), and refer to window/door schedule. Shutters must be fitted to all windows on road facing elevations where such windows and doors are visible from the street. Where windows and doors on side elevations are also visible from estate footpaths or otherwise such elevations must also be fitted with shutters..."

7.16 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 2997, MOORREESBURG (15/3/10-9/Erf_2997)

'n Aansoek is ontvang vir 'n vergunningsgebruik op erf 2997, geleë te Zinniastraat, Moorreesbrug ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om meer duidelikheid te kry oor, onder andere, die beswaar van die SAPD, grootte van die huiswinkel en deur wie (eienaar/huurder) die aansoek gedoen word.

7.17 UITSETTING VAN MALMESBURY KLEINBOERE (17/2/2/4)

Die verslag bevat 'n volledige samevatting van gebeure en skrywes ontvang vanaf verskillende partye na afloop van die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dat die strukture en diere van die Malmesbury Kleinboere teen 16 Maart 2015 verwyder moet word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag asook die verskillende ondersteunende dokumentasie;

(b) Dat besluit 3.1 gedateer 25 Februarie 2015 van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering steeds van krag is, en dat daar so spoedig moontlik met die proses 'n aanvang geneem word om 'n hofbevel te verkry vir die verwydering van die Malmesbury Kleinboere;

(c) Dat, met verwysing na die skrywe ontvang vanaf die EFF en ook die betrokkenheid van die *Movement for Rural Development* (mnr C Maans), versoek word dat die Malmesbury Kleinboere tydens 'n amptelike vergadering hul verteenwoordigers skriftelik aanwys met 'n mandaat om met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in gesprek te tree;

(d) Dat oorweging geskenk word om 'n onafhanklike mediator aan te stel om die ADR-proses (*Alternative Dispute Resolution Process)* te volg.

7.18 AANVAARDING VAN DIE AANBIEDINGE VAN DIE VEILING VAN 47 ERWE VAN 21 MAART 2015 – AL DAN NIE (12/2/5/1)

Die verslag bied historiese agtergrond van die ontwikkelingskoste van die onderskeie erwe en die gemiddelde opbrengs wat destyds behaal was. Verder word die wetgewende voorskrifte gemeld, sowel as die munisipale waardasies van die onderskeie erwe en laastens die verlies aan inkomste van onontwikkelde erwe.

Hierdie agtergrond is nodig deurdat die meeste van die erwe waarop aanbiedinge gemaak is, heelwat minder as die bestaande munisipale waardasie beloop.

Daar bestaan/...

7.18/...

Daar bestaan twee opsies wat oorweeg moet word, naamlik:

(1) Om nie een van die aanbiedinge te aanvaar nie, aangesien geen verkoopprys gelykstaande aan die munisipale waardasie is nie;

(2) Om, gebaseer op die "knowledgeable" advies van die Munisipaliteit se Waardeerders 'n faktor (%) afslag te oorweeg, wetende dat daar t.o.v. munisipale aankope ook nog 14% BTW en 3% afslaerskommissie betaalbaar is.

BESLUIT

(a) Dat, met inbegrip van die inhoudelike van die verslag en die aanhangsels en met spesifieke verwysing na die MFMA, die Belastingwet en die MATR, daar kennis geneem word van die voorstel van Suid Kaap Waardeerders om gegewe die omstandighede wat geskets is, 'n "faktor persentasie-afslag" van 30% toe te staan, en dat hierdie aanbeveling as die *"knowledgeable"* gedeelte beskou word;

(b) Dat voormelde gedoen word weens die volgende verdere redes en motivering:

(1) Met die verkope van die eiendomme reeds sedert 2006, daar meer as voldoende fondse geïn was en dat die ontwikkelingskoste ten volle verhaal was;

(2) Dat daar 'n begerigheid bestaan om aan die voornemende toetreders tot die eiendomsmark die geleentheid te bied om dit wel te doen aangesien van hulle in die sg. "GAP" kategorie val;

(3) Dat daar kennis geneem word van die inkomste wat verlore gaan deur die feit dat die erwe vakant is en nie oor eienaars beskik wat 'n verantwoordelikheid het ten aansien van beskikbaarheidsgelde en gelikwideerde skadevergoeding nie (aanhangsel "F");

(c) Dat die aanbiedinge van die volgende vier erwe aanvaar word, BTW en afslaerskommissie uitgesluit, synde

- erf 10086 teen R260 000;
- erf 10093 teen R270 000;
- erf 10080 teen R180 000; en
- erf 10031 teen R125 000

(d) Dat die kopers van die oorblywende 43 erwe 'n eenmalige geleentheid tot 30 April 2015 gebied word om hulle aanbiedinge te verhoog gelykstaande aan kolom 3 van aanhangsel "D" wat 70% van die munisipale waardasie beloop, en dat daar bo-en-behalwe die aanbod ook nog 14% BTW en 3% afslaerskommissie betaal moet word;

(e) Dat die afslaer versoek word om hierdie verhoogde aanbiedinge te koördineer en te administreer en gevolglik ook op die verskil geregtig sal wees op die 3% kommissie;

(f) Dat die erwe wat na die Munisipaliteit terugval deur die Munisipale uit-die-hand verkoop word teen die "70% van die reserweprys" bedrag, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme van uit-die-hand vervreemding sal bekendmaak, met ingang van 'n gegewe toekomstige datum en dat dit sal geskied op 'n "eerste kom eerste kry" basis, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir 'n bepaalde koper beperk sal word vir 'n periode van hoogtens een kalendermaand;

(g) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag kry om voormelde reëlings met die afslaer en Du Plessis Mostert te koördineer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER